

## **Boodskap vir Sondag 2 Augustus 2020**

Gegroet vanuit die pastorie. Ons het Sondag weer 'n erediens wat ingerig word as 'n luister en belewingsdiens met 'n kort boodskap. Hierdie boodskap word dus nie herhaal by die erediens nie.

In Romeine hoofstuk 12 praat die apostel Paulus oor die nuwe lewe in Christus: Die gedeelte kan vertaal word soos volg: Moenie net reageer op die sintuiglike nie; laat God eerder toe om julle gedagtes te verander sodat julle soos God kan dink en die wil van God kan doen. Hierdie voorgestelde vernuwings-proses is soortgelyk as wat in die natuur gesien word as 'n metamorfose – soos 'n wurm wat 'n papie word wat weer 'n skoelapper word. Paulus verwoord dit redelik sekuur so dat 'n volkome lewe van jou vra om te verander van die wurm-fase na die skoelapper-fase. En dit kan net gebeur as jy die Here die toestemming gee om dit te laat gebeur.

Daar is 'n stille stryd aan die gang in wetenskap geledere oor hoe ons werklikheid aanmekaar gelas is. Die detail daarvan is nie soseer vir almal van belang nie – die beginsels onderliggend daaraan wel moontlik.

Beide sieninge aanvaar dat die kosmos 'n begin het en steeds groter word. Die klassieke mening is dat die universum opgebou is uit deeltjie-boublökkies wat in samewerking van 'n paar kragte alles gevorm het soos ons dit sintuiglik beleef. Sowat 100 jaar gelede steek daar egter 'n nuwe siening kop uit: Hiervolgens is ons volle werklikheid opgebou uit informasie – 'n siening wat strook met Bybelse uitsprake, maar indruis teen ons alledaagse belewing.

Hierdie twee sieninge skep 'n dilemma wat veral Westerse gelowiges paradoksaal beleef. Die Evangelie aldus Johannes begin met 'n verklaring oor die skepping: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.* Die Woord waarvan Johannes praat beteken 'n gesproke gedagte met 'n doel, maar met 'n sterk fokus as 'n berekende gebeurte – dit is wat ons almal sal aanvaar as gedagtes met die gevolge daarvan. Die Griekse begrip wat as *woord* vertaal word, is *logos* wat 'n uitbreiding is van die begrip *lego* wat

beteken om iets te bou (vandaar natuurlik ook die bekende Lego-blokkies).

Johannes se inleiding is 'n bykans perfekte beskrywing van hoe meer en meer fisici deesdae meen ons werklikheid tot stand gekom het. 'n Werklikheid wat só opgebou is, word 'n virtuele werklikheid genoem omdat dit voortvloei vanuit berekende of programmeerde data. Sulke werklikhede is subjektief eerder as objektief wat beteken ons beleef 'n gesimuleerde werklikheid – dus 'n skynwerklikheid. Ons reageer op die werklikheid as 'n objektiewe en materialistiese omgewing wat sintuiglik waargeneem word. En dit is juis dan die dilemma vir wetenskaplikes en gelowiges. Wetenskaplikes sukkel om te glo dit net skyn is desnieteenstaande die bewesenheid daarvan. Gelowiges het 'n Bybelse uitspraak wat bevestig die skepping is 'n skynwerklikheid, maar hulle kan ook nie glo dat alles net skyn is soos die Bybel sê nie. Beide wetenskaplikes en gelowiges, dikwels dieselfde mense, het 'n metamorfose in denke nodig. Ons woel en werk grootliks in 'n bewussynlike

werklikheid wat 'n fisiese simulاسie benodig om beleef te word.

'n Goeie voorbeeld van 'n skynwerklikheid is die rekenaarspeletjies wat gebeure na-aap. Wanneer dit gespeel word, word dit dikwels beleef as die werklikheid. Nog 'n voorbeeld van 'n skynwerklikheid is drome – wat ons almal weet beleef word as baie werklik. Die beste nuus is miskien dat 'n skynwerklikheid baie maklik in ses dae geskep kan word, maar 'n objektiewe werklikheid beslis nie. Oor nie baie dekades van nou af nie, sal dit 'n algemene oortuiging wees dat die universum ten gronde 'n simulاسie is. Hierdie denkverskuiwing kan ook beskryf word as 'n bewussynrewolusie.

Hierdie lange inleiding wat klink soos 'n wetenskapklas is om te wys dat selfs vir die wetenskaplikes daar 'n oortuiging ontwikkel van 'n meerdere realiteit – dit wat ons God noem. Die ironie is dat gelyklopend hiermee is daar al meer gelowiges wie se oortuigings meer en meer verflou. Terselfdertyd is daar ook 'n sterk opbloei van spiritualiteit onder die generاسies gebore na die jaar 2000 en wat goed geletterd is in

rekenaarspeletjies. Die bewussynrewolusie kan direk vergelyk word met 'n spirituele-rewolusie. Volgens Bybelse opklaring is God se gedagtes dieselfde as sy Gees en sy skepping word gekoppel aan Christus.

Hierdie Gees en Woord van God is aan't werk in hierdie skepping wat so gemaak is dat ons dit objektief beleef al is dit subjektief. In Galasiërs 5:16 e.v. word dit verwoord as dat ons lewe deur die Gees beheers moet word sodat die verkeerde uitinge soos vyandskap, haat, woede, rusies, verdeeldheid, afguns en al dergelike dinge nie seëvier nie, maar wel die vrug van die Gees soos onder meer liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing.

Wat sal dit verander aan jou lewensuitkyk as jy aanvaar dat ons werklikheid deurspek is van God se gedagtes en woorde? En miskien nog duideliker of jou doen en late dalk anders gaan wees as jy weet dat jy deel is van God se skepping om sy woorde en sy gedagtes te praat en te wys? En as jy besef dat God se skepping ten doel het om lig uit donker te laat geskied, liefde uit vrees te laat seëvier en Sy koninkryk te bou eerder as af te breek? En wat sal dit aan jou

lewensbeskouing verander as jy weet dat dit die stryd is tussen die objektiewe en die subjektiewe, tussen ego en bewussyn? En dat die liggaam skyn is, maar die bewussyn gees en dat stof uitgewis kan word, maar bewussyn nooit nie? En dat wat jy ook al op aarde beleef, 'n gevolg het in die meerdere realiteit?

Wat sal jy verander as jy al hierdie waarhede aanvaar? Dalk dat dit nou nie meer regtig jy is wat lewe nie, maar Christus wat in jou lewe? Paulus het hierdie aspekte al sowat 2000 jaar gelede uitgewerk soos dit staan in Galasiërs 2:19 e.v.: *Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.* Die wet hier is die objektiewe en Christus die subjektiewe konteks. En elkeen is uniek en die werkinge van Woord en Gees is op eiesoortige manier vir elkeen beskikbaar.

Daar is letterlik en figuurlik geen groot kans om suksesvol deel te neem aan die bou van God se koninkryk as daar slegs op die waarneembare gefokus word nie – die sukses setel daarin om spiritueel of geestelik die uitdagings

aan te pak. Die sintuiglik waarneembare is alleen daar sodat dit wat nodig is om gedoen te word, waarneembaar is. Die werking om liefde te laat seëvier is egter onsigbaar aan die werk, maar ook weer sigbaar in die vrug daarvan. Ons leef en werk in die sigbare realiteit, maar die krag om suksesvol te wees is in die onsigbare bewussynlike. Daarom is ons werklikheid werklik 'n skynwerklikheid met 'n doel. En agter alles is daar 'n baie intelligente Ontwerper. Daarom is ons tot alles in staat deur Christus wat in ons lewe.

Elkeen van ons het 'n bediening wat in deelname aan 'n gemeente verfyn word, maar orals tot vrug kom. Met Christus se Gees in en met ons kan ons dit doen met die vryheid van skoenlappers eerder as die gebondenheid van wurms. Laat God jou gedagtes vernuwe – dit is die begin van elkeen se bediening op aarde.

Soos Paulus in Galasiërs groet ek met die verklaring dat die genade van ons Here Jesus Christus by julle gees is!

Amen.

*Ds. Jan Bronkhorst*